KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# BELEID: TOEKENNING VAN INSTITUSIONELE ERWE AAN GODSDIENSTIGE GENOOTSKAPPE

## Raadsbesluit 88/2014 gedateer 27 Mei 2014

### Vereistes om te kwalifiseer vir toekenning van 'n perseel

1. Bewys van lidmaatskap van minstens 50 plaaslike persone (woonagtig in die Munisipale gebied / of betrokke dorp) wat lid is van die betrokke Kerk / Gemeente / Godsdienstige genootskap.
2. Bewys van die Grondwet van akte van oprigting van die Kerk / Godsdienstige genootskap.
3. Bewys van registrasie van Kerk / Godsdienstige genootskap by 'n erkende ekeunemiese liggaam. Genootskappe wat nie oor ekeunemiese registrasie beskik nie, sal nie kwalifiseer vir 'n erftoekenning nie.

### Voorwaardes vir toekenning

1. Slegs een perseel per dorp word aan 'n spesifieke gemeente van 'n Kerk / Godsdienstige genootskap toegeken.
2. Die perseel toegeken, moet ontwikkel word vir die gebruik binne 60 maande na oordrag van 'n perseel in die naam van die Godsdienstige genootskap. 'n Bouplan vir die ontwikkeling van 'n perseel moet binne 12 maande na oordrag van die perseel, ingedien word by die Munisipaliteit vir goedkeuring. Konstruksie van 'n goedgekeurde struktuur moet in aanvang neem binne 12 maande na goedkeuring van 'n bouplan en voltooi wees vir gebruik binne die periode van 60 maande toegelaat en bereken vanaf datum van oordrag van die perseel. By enige versuim val die perseel terug na die Munisipaliteit vir hertoekenning.
3. 'n Perseel word slegs toegestaan vir die oprigting van 'n plek van aanbidding as primêre gebruik. Sêkondere gebruike vir nie-winsgewende gemeenskapsprojekte is vanaf die betrokke perseel toelaatbaar.
4. Oordrag van 'n perseel toegeken binne 3 maande van die kennisgewing van toekenning geskied, anders verval die aanbod.
5. Die grootte van die lidmaatskap van die aanbiddende gemeenskap;
6. Beskikbaarheid van finansies om die eiendom te bekom en dit te ontwikkel binne vyf jaar;
7. Of 'n denominasie of geloof alreeds in die gebied verteenwoordig word al dan nie;
8. Of gemeenskap diensfasiliteite voorsien sal word buiten en behalwe aanbiddingsfasiliteite, al dan nie;
9. Of die aanbiddende gemeenskap se lidmaatskap kom uit die gebied waarin die eiendom voor aansoek gedoen word.
10. 'n Bouklousule, wat 'n verpligting op die kerk plaas om die benodigde kerkgeboue binne twee jaar vanaf datum van aankoop te voltooi, sal in die koopakte ingesluit word

## Verkoopprys

1. Verkoping sal geskied op 'n wyse wat gelykberegtiging en deursigtigheid verseker en voorsiening word gemaak vir die volgende handelinge en prosedures:

    - Uitnodigings word gepubliseer per openbare kennisgewing, waarin belangstellende Kerke / Gemeentes / Godsdienstige genootskappe uitgenooi word op hulle gegewens en voorneme om grond te bekom, op 'n Munisipale databasis te laat registreer.
    - Die geregistreerde gegewens van Kerke / Gemeenstes / Godsdienstige genootskappe word jaarliks evalueer en opdateer om te bepaal watter instelling(s) voorkeur moet geniet met die toekenning van beskikbare persele.
    - Kerke / Gemeentes / Godsdienstige genootskappe se voorkeurposisie op die databasis word jaarliks bepaal deur evaluering van die:

        - Aantal geregistreerde en verifieerde lidmate van die Kerk / Gemeente / Godsdienstige genootskap (hoe meer lidmate hoe hoër die voorkeurposisie).
        - Aktiwiteite van die Kerk (aantal dienste gehou / diens van barmhartigheid).

2. Die koopprys van 'n perseel word bepaal as die eenmalig verkoping van 'n perseel per individuele Kerk / Gemeente van 'n Kerk / Godsdienstige genootskap, teen 'n afslagprys bereken as 10% (afslag van 90% word toegestaan) van die gemiddelde van twee billike markwaarde sertifikate. Die volgende spesifieke verkoopvoorwaardes sal vir die koper van toepassing wees:
    - 'n Voorverkoopvoorwaarde sal van toepassing wees, totdat 'n kerkgebou soos per goedgekeurde bouplan op die perseel opgerig is.
    - Die perseel en gebou daarop mag slegs vir Godsdienstige doeleindes gebruik word. Indien dit vir ander doeleindes aangewend word, sal terugval na die Munisipaliteit vir hertoekenning aan 'n ander Kerk genootskap.

3. Die betaling van die koopprys sal by oordrag geskied en alle koste van die advertensie, opmeting, hersonering en oordrag sal vir die rekening van die Koper wees.
4. Dat kerkerwe binne drie (3) maande na toekenning / oordrag behoorlik omhein word.
5. Dat daar binne vier en twintig (24) maande 'n struktuur opgerig moet wees, wat sitplek vir ten minste 50 gemeentelede kan bied.